Wes-Kaapse Regering
Onderwys

**Direktoraat:**
**Kurrikulum VOO**

# 2014 Telematics
# Graad 12

# Rekeningkunde
# Kwartaal 1

## Prys: R6,50

Liewe Graad 12 Rekeningkunde leerder

Welkom tot hierdie Telematiese projek. Hierdie program sal jou hersienings- en studieprogram ondersteun in voorbereiding vir jou finale Graad 12 Rekeningkunde eksamen.

Hierdie program bied jou 'n geleentheid om wat jy in die klas geleer het, te konsolideer. Maak asseblief van hierdie geleentheid gebruik deur elke sessie by te woon. Die aanbieders sal nie al die onderwerpe dek nie – hulle sal wel fokus op moeilike onderwerpe in die leerplan ten einde jou begrip daarvan te verbeter.

**Wenke vir sukses in Rekeningkunde**

**Om te slaag in Rekeningkunde moet jy na die volgende oplet:**

- Begin werk vanaf die eerste dag
- Let noukeurig op in die klas om te verseker dat jy die werk verstaan
- Voltooi Rekeningkunde huiswerk/oefeninge daagliks OEFEN…OEFEN…OEFEN
- Werk netjies en akkuraat
- Toon berekeninge in hakies
- Lees instruksies by vrae/aktiwiteite versigtig en maak seker jy verstaan wat gevra word
- Wees nougeset in die voltooiing van take en assesseringsaktiwiteite en toetse asof jy vir die finale eksamen voorberei
- Maak gebruik van vorige eksamenvraestelle en toetse vir hersiening
- Verfyn jou eksamentegniek: wanneer jy hersien, kies vrae wat jou in jou swakker areas sal verryk. Gebruik die tydstoekennings in die vraag om te bepaal of jy die vraag in die beskikbare tyd voltooi.

Voorspoed met jou Graad-12 jaar.

Glynis Schreuder
Senior Kurrikulumbeplanner: Rekeningkunde

**TELEMATIESE ONDERRIG - 2014**

**REKENINGKUNDE ROOSTER – GRAAD 12 (Kwartaal 1)**

| *Datum* | *Onderwerp* | *Teen die einde van hierdie les behoort jy die volgende te verstaan:* |
|---|---|---|
| Dinsdag<br>25 Februarie<br>16:00 – 17:00 | **Maatskappye**<br>▪ Algemene grootboek | Hoe om transaksies in die Algemene Grootboek op te teken. Dit sluit die volgende in:<br>▪ Uitreik van aandele<br>▪ Terugkoop van aandele<br>▪ Voorlopige belasting betalings<br>▪ Tussentydse en finale dividende |
| | | |
| Vrydag<br>14 Maart<br>16:00 – 17:00 | **Maatskappye**<br>▪ Kontantvloeistaat | ▪ Die doel van die opstel van 'n Kontantvloeistaat<br>▪ Waar om die inligting te vind om 'n Kontantvloeistaat op te stel<br>▪ Die drie soort aktiwiteite wat in 'n Kontantvloeistaat getoon word<br>▪ Waar om die inligting te vind<br>▪ Hoe om die inligting te gebruik<br>▪ Hoe om die afdelings van 'n Kontantvloeistaat te voltooi |

## MAATSKAPPYE

| | |
|---|---|
| Die doel vir die opstel van 'n Kontantvloeistaat | |
| | |
| Die drie soort aktiwiteite wat in 'n Kontantvloeistaat getoon word | |
| | |
| | |
| Die doel vir die opstel van 'n Inkomstestaat | |
| | |
| Die doel vir die opstel van 'n Balansstaat | |

**Aktiwiteit 1**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Kromboom Bpk. Hierdie maatskappy het 'n gemagtigde aandelekapitaal van 1 000 000 aandele.

**GEVRA:**

1.1 Gebruik die gegewe inligting om die volgende rekeninge in die Algemene Grootboek vir die rekeningkundige tydperk geëindig 31 Augustus 2013 op te teken.

- 1.1.1 Gewone aandelekapitaal
- 1.1.2 Behoue inkomste
- 1.1.3 SAID (Inkomstebelasting)
- 1.1.4 Aandeelhouers vir dividende
- 1.1.5 Dividende op gewone aandele
- 1.1.6 Verdelingsrekening

1.2 Stel die volgende notas tot die Balansstaat op

- 1.2.1 Gewone aandelekapitaal
- 1.2.2 Behoue inkomste

**INLIGTING:**

1 Sep 2012 Die volgende saldo's verskyn in die grootboek:

| | |
|---|---|
| Gewone aandelekapitaal (500 000 aandele) | R1 500 000 |
| Behoue inkomste | 5 260 000 |
| SAID (Inkomstebelasting) | 70 000 (Kt) |
| Aandeelhouers vir dividende | 325 000 |

14 Sep 2012 Betaal die bedrae wat aan SAID en die aandeelhouers verskuldig is.

20 Jan 2013 Die maatskappy betaal voorlopige belasting van R420 000 en tussentydse dividende van 75 sent per aandeel.

1 Maart 2013 Die maatskappy reik 'n verdere 100 000 gewone aandele uit teen R15,00 elk. Die opbrengs van die uitreik is ontvang.

18 Julie 2013 Een van die aandeelhouers het afgesterf. Die direkteure het besluit om sy 180 000 aandele terug te koop teen R20,00 per aandeel. Betaal die bedrag vir hierdie transaksie per direkte oordrag.

31 Aug 2013 Aan die einde van die rekeningkundige tydperk, het die maatskappy 'n tweede voorlopige belasting betaling van R485 000 gemaak en die direkteure het 'n finale dividend van 160 sent per aandeel verklaar. Alle aandeelhouers op hierdie datum is geregtig vir hierdie finale dividend.

31 Aug 2013 Die netto inkomste volgens die wins-en-verliesrekening was R2 900 000. Inkomstebelasting word bereken 30% van die netto inkomste.

**Aktiwiteit 2**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Tuscany Bpk. Hierdie maatskappy het 'n gemagtigde aandelekapitaal van 5 000 000 aandele.

**GEVRA:**

2.1 Gebruik die gegewe inligting om die volgende rekeninge in die Algemene Grootboek vir die rekeningkundige tydperk geëindig 31 DeSember 2013 op te teken.

- 2.1.1 Gewone aandelekapitaal
- 2.1.2 Behoue inkomste
- 2.1.3 SAID (Inkomstebelasting)
- 2.1.4 Aandeelhouers vir dividende
- 2.1.5 Dividende op gewone aandele
- 2.1.6 Verdelingsrekening

2.2 Stel die volgende notas tot die Balansstaat op

- 2.2.1 Gewone aandelekapitaal
- 2.2.2 Behoue inkomste

**INILIGTING:**

1 Jan 2013 Die volgende saldo's verskyn in die grootboek:

| | |
|---|---|
| Gewone aandelekapitaal (2 400 000 aandele) | R4 800 000 |
| Behoue inkomste | 960 000 |
| SAID (Inkomstebelasting) | 16 500 (Kt) |
| Aandeelhouers vir dividende | 210 000 |

1 Jan 2013 Reik 'n verdere 1 350 000 aandele uit teen R4,50 elk. Die opbrengs van hierdie uitreik is gedeponeer.

15 Jan 2013 Betaal die bedrae verskuldig aan SAID en die aandeelhouers.

30 Maart 2013 Die maatskappy maak 'n voorlopige belasting betaling van R345 000 en tussentydse dividende van 22 sent per aandeel.

31 Okt 2013 Die maatskappy maak 'n tweede voorlopige belasting betaling van R570 000.

15 Nov 2013 Die direkteure het besluit om 300 000 aandele van 'n ontevrede aandeelhouer terug te koop teen R4,20 per aandeel. 'n Tjek is aan hom uitgereik.

31 Des 2013 Aan die einde van die finansiële tydperk het die direkteure 'n finale dividend van 33 sent per aandeel verklaar.
Die netto inkomste voor belasting vir die jaar is as R2 950 000 bereken.
Inkomstebelasting word teen 30% van die netto wins voor belasting bereken.

**Aktiwiteit 3**

Jy word voorisen van inligting met betrekking tot Derby Bpk.

**GEVRA:**

3.1 Voltooi die nota vir versoening van wins voor belasting en kontant uit bedrywighede gegenereer.

3.2 Voltooi die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 31 Desember 2013

**INLIGTING:**

**DERBY BPK**
**BALANSSTAAT OP 31 DESEMBER 2013**

| **BATES** | | **2013** | **2012** |
|---|---|---|---|
| **Nie-bedryfsbates** | | 4 140 000 | 2 760 000 |
| Vaste bates | | 3 552 000 | 2 532 000 |
| Finansiële bates | | 588 000 | 228 000 |
| **Bedryfsbates** | | 1 740 000 | 1 804 800 |
| Voorrade | | 1 094 400 | 1 392 000 |
| Handels- en ander ontvangbare bedrae | | 156 000 | 324 000 |
| Kontant en kontantekwivalente | | 489 600 | 88 800 |
| **TOTALE BATES** | | 5 880 000 | 4 564 800 |
| | | | |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | | |
| **Gewone aandeelhouersbelang** | | 3 993 600 | 2 142 800 |
| Gewone aandelekapitaal | | 2556 000 | 1 440 000 |
| Behoue inkomste | | 1 437 600 | 702 800 |
| **Nie-bedryfslaste** | | 804 000 | 960 000 |
| Lening van Hero Bank | | 804 000 | 960 000 |
| **Bedryfslaste** | | 1 082 400 | 1 432 000 |
| Handels en ander betaalbare bedrae | | 1 082 400 | 1 432 000 |
| | | | |
| **TOTALE EKWITEIT EN LASTE** | | 5 880 000 | 4 564 800 |
| | | | |

## NOTAS TOT FINANSIËLE STATE

| 1. | HANDELS EN ANDER ONTVANGBARE BEDRAE | | 2013 | 2012 |
|---|---|---|---|---|
| | Handelsdebiteure | | 121 200 | 312 000 |
| | Inkomste ontvangbaar | | 4 800 | 12 000 |
| | SAID (Inkomstebelasting) | | 30 000 | 0 |
| | | | 156 000 | 324 000 |
| | | | | |
| 2. | KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE | | | |
| | Kontant in bank | | 453 600 | 72 800 |
| | Wisselgeld | | 24 000 | 16 000 |
| | Kleinkas | | 12 000 | 0 |
| | | | 489 600 | 88 800 |
| | | | | |
| 3. | HANDELS EN ANDER BETAALBARE BEDRAE | | | |
| | Handelskrediteure | | 310 800 | 778 000 |
| | Inkomste vooruit ontvang | | 18 000 | 84 000 |
| | Aandeelhouers vir dividende | | 753 600 | 432 000 |
| | SAID (Inkomstebelasting) | | 0 | 168 000 |
| | | | 1 082 400 | 1 462 000 |

### Addisionele inligting

1. Die netto wins voor belasting is R2 480 160.
2. Inkomstebelasting vir die jaar beloop R692 000
3. Dividende vir die 2013 finansiële jaar bestaan uit:
   - Tussentydse dividende R263 760
   - Finale dividende R753 600
4. Waardevermindering vir die jaar in die Inkomstestaat beloop R348 000
5. Derby Bpk betaal R27 360 per maand aan Klub Bank wat rente en leningspaaiemente insluit. Rente word op die lening gekapitaliseer.
6. ‘n Voertuig is teen boekwaarde verkoop:
   - Kosprys R226 000
   - Opgehoopte waardevermindering R152 000
7. Besonderhede van aandelekapitaal
   - Die goedgekeure aandele kapitaal bestaan uit 3 000 000 aandele
   - Op 1 Januarie 2013 is daar 360 000 gewone aandele in uitreik. Op hierdie datum het die direkteure besluit om 36 000 gewone aandele van ‘n ontevrede aandeelhouer terug te koop teen ‘n prys van 500 sent per aandeel.
   - Op 31 Desember 2013 het die maatskappy 150 000 nuwe aandele uitgereik teen ‘n prys van 840 sent elk.

**Aktiwiteit 4**

Jy word voorsien met ‘n onvoltooide Kontantvloeistaat van HILLSIDE BPK. Verskaf die ontbrekende syfers wat deur (a) tot (o) aangetoon word.

**HILLSIDE BEPERK**
**KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2013**

| | |
|---|---|
| **Kontantgevolge van bedryfsaktiwiteite** | **a** |
| Kontant uit bedryfsaktiwiteite gegenereer | **b** |
| Rente betaal | **c** |
| Dividende betaal | **d** |
| Inkomstebelasting betaal | (115 400) |
| | |
| **Kontantgevolge van beleggingsaktiwiteite** | **e** |
| Aankoop van nie-bedryfsbates | **f** |
| Verkoop van nie-bedryfsbates | 28 800 |
| Veranderinge in finansiële bates | **g** |
| | |
| **Kontantgevolge van finansieringsaktiwiteite** | **h** |
| Opbrengs van aandele uitgereik | **i** |
| Terugbetaling van langtermynlenings | (200 000) |
| | |
| **Netto verandering in kontant en kontantekwivalente** | **j** |
| **Kontant en kontantekwivalente – begin van jaar** | 232 000 |
| **Kontant en kontantekwivalente – einde van jaar** | 184 000 |

**NOTAS TOT DIE KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2013**

**Versoening tussen netto wins voor belasting en kontant deur bedryfsaktiwiteite gegenereer**

| | |
|---|---|
| Netto wins voor belasting | **k** |
| Aansuiwerings vir: | |
| Rente uitgawe | **l** |
| Waardevermindering | 96 320 |
| **Bedryfswins voor veranderings in bedryfskapitaal** | m |
| **Kontantgevolge van veranderinge in bedryfskapitaal** | n |
| Verandering in voorrade | (80 000) |
| Verandering in debiteure | 68 000 |
| Verandering in krediteure | 76 000 |
| | |
| **Kontant uit bedryfsaktiwiteite gegenereer** | o |

**Addisionele inligting:**

1. 100 000 nuwe aandele is op 1 Julie 2012 teen 960 sent elk uitgereik. Daar is 250 000 aandele in uitreik aan die einde van die rekeningkundige tydperk.

2. Inkomstebelasting is 30% van netto wins. Daar was R16 400 aan SAID aan die begin van die rekeningkundige tydperk verskuldig en R12 000 aan die einde van die finansiële jaar.

3. Die langtermynlenings aan die einde van die jaar beloop R120 000. Die R200 000 is in die middel van die jaar betaal. Die rentekoers is 15% p.j. en word nie gekapitaliseer nie. Alle rente is teen die sperdatum betaal.

4. Vaste bates beloop R3 652 000 aan die begin van die jaar en R4 602 600 aan die einde van die jaar.

5. Dividende:
   - Finale dividende vir 2012 — 48 sent per aandeel
   - Tussentydse dividende vir 2013 — 32 sent per aandeel
   - Finale dividende vir 2013 — 44 sent per aandeel

Wes-Kaapse Regering

Onderwys

**Direktoraat: Kurrikulum VOO**

# 2014 Telematics Graad 12

# Rekeningkunde Kwartaal 2 en 3

Liewe Graad 12 Rekeningkundeleerder

Gedurende die eerste kwartaal het die aanbieders van hierdie program aspekte van Maatskappye gedek, nl die optekening van sekere transaksies soos die uitreik en terugkoop van aandele, dividende en inkomstebelasting, asook die opstel van die Kontantvloeistaat.

Gedurende die volgende twee sessies sal die aanbieders Voorrade, Rekonsiliasies en Vervaardiging hanteer. Hulle sal slegs sekere aspekte van hierdie belangrike onderwerpe dek. Jy word aangeraai om deur die vrae te werk wat in hierdie hulpbron verskaf word en om seker te maak dat jy die begrippe wat gedek is, verstaan.

Hierdie program bied jou 'n geleentheid om wat jy in die klas geleer het, te konsolideer.
Maak asseblief van hierdie geleentheid gebruik deur elke sessie by te woon.

**Wenke vir sukses in Rekeningkunde**

**Om te slaag in Rekeningkunde moet jy na die volgende oplet:**

- Let noukeurig op in die klas om te verseker dat jy die werk verstaan
- Voltooi Rekeningkunde huiswerk/oefeninge daagliks OEFEN…OEFEN…OEFEN
- Werk netjies en akkuraat
- Toon berekeninge in hakies
- Lees instruksies by vrae/aktiwiteite versigtig en maak seker jy verstaan wat gevra word
- Wees nougeset in die voltooiing van take en assesseringsaktiwiteite en toetse asof jy vir die finale eksamen voorberei
- Maak gebruik van vorige eksamenvraestelle en toetse vir hersiening
- Verfyn jou eksamentegniek: wanneer jy hersien, kies vrae wat jou in jou swakker areas sal verryk. Gebruik die tydstoekennings in die vraag om te bepaal of jy die vraag in die beskikbare tyd voltooi.

Voorspoed met jou hersiening en voorbereiding vir die finale eksamen.

Glynis Schreuder
Senior Kurrikulumbeplanner: Rekeningkunde

**TELEMATIESE ONDERRIG - 2014**

**REKENINGKUNDE ROOSTER – GRAAD 12**

| *Datum* | | *Tyd* | *Onderwerp* | *Teen die einde van hierdie les behoort jy die volgende te verstaan:* |
|---|---|---|---|---|
| Vrydag<br>16 Mei | Rekeningkunde | 16:00 – 17:00 | **Voorraadstelsels**<br>▪ Waardeer en bereken voorrade<br>▪ Eerste-in-eerste-uit (EIEU) metode<br>▪ Geweegde gemiddelde metode<br>▪ Spesifieke identifikasie metode | ▪ Die verskil tussen die deurlopende voorraadstelsel en die periodieke voorraadstelsel<br>▪ Die verskil tussen EIEU, geweegde gemiddelde en spesifieke identifikasie metodes<br>▪ Hoe om voorrade te waardeer volgens die EIEU en geweegde gemiddelde metodes<br>▪ Finansiële aanwysers met betrekking tot voorrade te bereeken en vertolk |
| | | | | |
| Vrydag<br>6 Junie | Rekeningkunde | 16:00 – 17:00 | **Rekonsiliasies**<br>Ontleed en vertolk bank, debiteure- en krediteure rekonsiliasies<br>▪ Rekonsilieer rekeningstate van krediteure ontvang met hul persoonlike rekeninge in die krediteuregrootboek<br>▪ Rekonsilieer debiteure- en krediteure lyste met kontrole rekeninge<br>▪ Ontleed en vertolk debiteure-ouderdomsontleding<br>▪ Ontleed en vertolk bank state en bank versoeningstate | ▪ Hoe om die rekening van 'n krediteur in die Krediteuregrootboek met die rekeningstaat van die krediteur ontvang, te rekonsilieer |
| | | | | |

| *Datum* | | *Tyd* | *Onderwerp* | *Teen die einde van hierdie les behoort jy die volgende te verstaan:* |
|---|---|---|---|---|
| Maandag<br>4 Augustus | Rekeningkunde | | **Vervaardiging**<br>▪ Stel 'n Produksiekostestaat met notas op<br>▪ Berekening van veranderlike en vaste koste<br>▪ Berekening van koste per eenheid<br>▪ Berekening en vertolking van gelykbreekpunt | ▪ Hoe om 'n Produksiekostestaat met notas op te stel<br>▪ Hoe om gelykbreekpunt te bereken en te vertolk<br>▪ Hoe om eenheidskostes te bereken en te vertolk |

**MODULE 1 VOORRADE**

| VOORRAADSTELSELS | |
|---|---|
| | |
| Deurlopende voorraadstelsel | |
| | |
| Periodieke voorraadstelsel | |
| | |
| Voorraad waardasiemetodes | |
| | |
| EIEU metode | |
| | |
| Geweegde gemiddelde metode | |
| | |
| Spesifieke identifikasie metode | |
| | |
| Finansiële aanwysers in verband met voorrade | |

**Aktiwiteit 1**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Gary se Gholfbalwinkel vir die jaar geëindig 28 Februarie 2014. Die gholfballe word ingevoer en is almal identies. Die onderneming gebruik die periodieke voorraadstelsel.

| **Inligting**: | **Aantal balle** | **Kosprys** | **Vraggeld op aankope** | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|
| Gholfballe voorhande op 1 Maart 2013 | 250 | R16,00 | R2,00 | R 4 500 |
| | | | | |
| Aankope: | 25 000 | | | R571 200 |
| Aankope op 15 Maart 2013 | 1 000 | R16,00 | R2,00 | R18 000 |
| Aankope op 27 April 2013 | 6 000 | R16,50 | R2,00 | R111 000 |
| Aankope op 12 Augustus 2013 | 9 000 | R20,00 | R2,50 | R202 500 |
| Aankope op 18 Januarie 2014 | 7 000 | R21,00 | R3,90 | R174 300 |
| Aankope op 22 Februarie 2014 | 2 000 | R28,00 | R4,70 | R65 400 |
| | | | | |
| Gholfballe voorhande op 28 Februarie 2014 | 2 450 | | | ? |
| | | | | |
| Verkope gedurende die jaar | ? | | | R738 720 |

**Gevra**:

1.1 Bereken die volgende deur die EIEU metode van voorraadwaardasie te gebruik:
- Die waarde van die eindvoorraad op 28 Februarie 2014
- Die koste van verkope
- Die bruto wins

1.2 Bereken die volgende deur die geweegde gemiddelde metode van voorraadwaardasie te gebruik:
- Die waarde van die eindvoorraad op 28 Februarie 2014
- Die koste van verkope
- Die bruto wins

1.3 Bereken die volgende en basseer dit op die EIEU metode van voorraadwaardasie:
- Winsopslag % bereik
- Voorraadomsetsnelheid
- Voorraadhoudingstydperk

1.4 Bereken die volgende en basseer dit op die geweegde gemiddelde metode van voorraadwaardasie:
- Winsopslag % bereik
- Voorraadomsetsnelheid
- Voorraadhoudingstydperk

1.5 Stel die Handelsrekening in die Finale Rekeninge Afdeling van die Algemene Grootboek van Gary se Gholfbalwinkel op. Gebruik die eindvoorraad wat op die EIEU metode bereken is.

**Aktiwiteit 2**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Protea Handelaars vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2014. Die eienaar van die besigheid is Deon de Villiers. Die besigheid is in Kaapstad geleë.

Deon koop en verkoop krieketballe en krieketkolwe. Die besigheid gebruik die periodieke voorraadstelsel.

Die krieketballe word by Suid-Afrikaanse verskaffers gekoop, en die krieketkolwe van verskillende klubs en lande word van oorsee ingevoer.

Deon het verkoopspersone in diens geneem om elke voorraaditem te beheer:

- Jack beheer en verkoop die krieketballe
- Charl beheer en verkoop die krieketkolwe

Deon het op die volgende rekeningkundige beleid vir die waardering van voorraad besluit:

- Krieketballe – Geweegdegemiddelde-metode
- Krieketkolwe – Eerste-in-eerste-uit-metode (EIEU)

**GEVRA:**

2.1 Alhoewel hierdie besigheid goed gevaar het, oorweeg Deon om die besigheid te sluit en sy kapitaal in vaste eiendom te belê. Noem TWEE punte wat hy behoort te oorweeg voordat hy 'n finale besluit neem. (4)

2.2 Deon vermoed dat 'n aantal krieketballe uit die winkel gesteel is. Bereken die aantal krieketballe wat gesteel is. (5)

2.3 Gebruik die toepaslike inligting om die waarde van die eindvoorraad te bereken van:

- Krieketballe (gebruik die geweegdegemiddelde-metode) (6)
- Krieketkolwe (gebruik die EIEU-metode) (5)

Toon jou bewerkings om deelpunte te verdien.

2.4 Bereken die volgende vir krieketkolwe (jy mag 'n Handelsrekening voorberei om hierdie syfers te bereken):

- Koste van verkope (4)
- Winsopslag % op koste (5)
- Voorraadomsetsnelheid (5)

2.5 Indien Deon besluit om met hierdie besigheid voort te gaan, watter raad sal jy aan hom gee? Noem TWEE punte en haal finansiële aanwysers of spesifieke inligting uit die vraag aan om jou antwoord te ondersteun. (6)

**INLIGTING:**

**1. Voorrade:**

Die voorrade is soos volg aan die begin en einde van die finansiële jaar gewaardeer:

| Datum | Krieketballe | | | Krieketkolwe | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Aantal eenhede | Per eenheid | Totale waarde | Aantal eenhede | Per eenheid | Totale waarde |
| 01/03/2013 | 1 200 | R120 | R144 000 | 520 | R320 | R166 400 |
| 28/02/2014 | 900 | ? | ? | 250 | ? | ? |

**2. Aankope:**

Gedurende die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2012 is die volgende voorraaditems aangekoop:

| Datum van aankope | Krieketballe | | | Krieketkolwe | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Aantal eenhede | Per eenheid | Totale waarde | Aantal eenhede | Per eenheid | Totale waarde |
| 31/03/2013 | 1 300 | R120 | R156 000 | 400 | R200 | R 80 000 |
| 30/06/2013 | 900 | R150 | R135 000 | 600 | R225 | R135 000 |
| 30/09/2013 | 1 000 | R175 | R175 000 | 1 400 | R255 | R357 000 |
| 02/01/2014 | 200 | R180 | R 36 000 | 100 | R300 | R 30 000 |
| **Totale** | 3 400 | | R502 000 | 2 500 | | R602 000 |

**3. Vraggeld op aankope:**

Gedurende die jaar het die besigheid 'n totaal van R30 200 betaal om krieketballe na die winkel te vervoer. Die prys van die krieketkolwe sluit vraggeld in.

**4. Verkope:**

| Items | Besonderhede | Totaal |
|---|---|---|
| Krieketballe | 3 500 eenhede teen R320 elk | R1 120 000 |
| Krieketkolwe | 2 770 eenhede teen R400 elk | R1 108 000 |

**5. Finansiële aanwysers:**

| Items | Winsopslag % op koste | Voorraadomsetsnelheid |
|---|---|---|
| Krieketballe | 48,5% | 3,9 keer p.j. |
| Krieketkolwe | ? | ? keer p.j. |

**Aktiwiteit 3**

**Probleemoplossing**

Jy word voorsien van inligting oor Fitt World vir die jaar geëindig 28 Februarie 2014. Die eienaar van die besigheid is Fiona Fitt. Hulle verkoop energiedrankies, energiestafies en T-hemde aan kleinhandelaars. Fiona het Cheryl in diens geneem om die energiedrankies te bestuur, Kelly om die energiestafies te bestuur en Tiffany om die T-hempde te bestuur.

Frik is bekommerd daaroor dat sy onderneming meer effektief kon werk. Hy nader jou vir raad.

**GEVRA:**

Identifiseer 'n probleem wat betref die manier waarop Cheryl, Kelly en Tiffany hul produkte bestuur het. Haal syfers of finansiële aanwysers aan om jou antwoord te ondersteun. Gee aan Fiona EEN voorstel oor hoe die probleem met elke produk wat geïdentifiseer is, opgelos kan word om die finansiële resultate in geheel te verbeter.

| Bestuurder | **Cheryl** | | | **Kelly** | | | **Tiffany** | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Produk | **Energiedrankies** | | | **Energiestafies** | | | **T-hemde** | |
| Werksdae per jaar | 240 dae | | | 240 dae | | | 240 dae | |
| Dae gewerk deur bestuurder | 240 dae | | | 330 dae | | | 180 dae | |
| Bestellings ontvang | 2 700 eenhede | | | 28 000 eenhede | | | 7 000 eenhede | |
| | | | | | | | | |
| | **Eenhede** | **Bedrag** | | **Eenhede** | **Bedrag** | | **Eenhede** | **Bedrag** |
| Verkope | 2 700 | R52 650 | | 28 000 | R224 000 | | 3 500 | R73 500 |
| Beginvoorraad | 320 | R2 880 | | 400 | R2 400 | | 300 | R4 500 |
| Aankope | 4 800 | R58 560 | | 31 800 | R201 000 | | 3 200 | R48 000 |
| Eindvoorraad | 2 400 | ? | | 200 | R1 263 | | 0 | R 0 |
| Eenhede afgeskryf | 20 | R210 | | ? | ? | | 0 | R 0 |
| Bruto wins | | ? | | | R45 863 | | | R21 000 |
| %-winsopslag | | ? | | | 25,7% | | | 40,0% |
| Voorraadomsetsnelheid | | ? | | | 97 keer | | | 23 keer |
| Tydperk van voorraad voorhande | | 177 dae | | | 4 dae | | | 16 dae |

(18)

**Aktiwiteit 4**

Joshua Gibbons koop goedere op krediet van Rajan Handelaars.

**GEVRA:**
Stel die Krediteureversoeningstaat in die boeke van Joshua op 31 Mei 2013 op.

**INLIGTING:**
Op 31 Mei 2013 het die volgende rekening van Rajan Handelaars in die Krediteuregrootboek van Joshua voorgekom.

**Krediteuregrootboek van Joshua**

| **Rajan Handelaars** | | | | | | FOL: KG5 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Datum | | | | **DT** | **KT** | **Saldo** |
| 2013 | | | | | | |
| Mei | 1 | Rekening gelewer | a/b | | | 11 000 kt |
| | 4 | Tjek 1234 | KBJ5 | 10 450 | | 550 |
| | | Korting ontvang | KBJ5 | 550 | | 0 |
| | 10 | Faktuur 1140 | KJ5 | | 8 400 | 8 400 |
| | 16 | Debietnota 56 | KAJ5 | 2 600 | | 5 800 |
| | 31 | Faktuur 1296 | KJ5 | | 1 200 | 7 000 |
| | | Tjek 1335 | KBJ5 | 5 800 | | 1 200 |
| | | | | | | |

Joshua het die volgende maandelikse rekeningstaat in die pos van Rajan Handelaars op 2 Junie 2013 ontvang:

**Rekeningstaat**

| | |
|---|---|
| Tel | 031-267 1551 |
| Faks | 031-267 1600 |

**Rajan Handelaars**
**Valley Viewstraat 28**
**Pinetown**
**3610**

**Klant besonderhede:**
Rekeningnr: 111
Joshua Gibbons
Posbus 1019
Westville
3631

**Datum: 25 Mei 2013**

| **Datum** | | | **DT** | **KT** | **Saldo** |
|---|---|---|---|---|---|
| Mei 10 | 1 | Rekening gelewer | | | 11 000 Kt |
| | 4 | Betaling – Tjeknr: 1234 | | 10 450 | 550 |
| | 10 | Aankope – Faktuur 1140 | 7 560 | | 8 110 |
| | 16 | Terugsending – Debietnota: 56 | 2 600 | | 10 710 |
| | 19 | Aankope – Faktuur 1182 | 1 000 | | 11 710 |
| | | | | | |

**LET WEL:** Hierdie staat sluit alle aankope en betalings in tot en met die 25ste van die huidige maand.

Met die vergelyking van die Krediteuregrootboek en die rekeningstaat het die volgende aan die lig gekom:

1 Rajan Handelaars het vergeet om die afslag vir vroeë betaling van die rekening deur Joshua op 4 Mei 2013, te boekstaaf.

2 Faktuur nr: 1182 op die Rekeningstaat op 19 Mei 2013 was egter aankope gemaak deur Polo Handelaars (nie Joshua nie).

3 Rajan Handelaars het aan Joshua handelskorting van 10% op faktuur 1140 toegestaan.

4 Rajan Handelaars het ‘n fout gemaak met die boekstawing van debietnota 56.

Alle ander inskrywings in die Krediteuregrootboek en op die rekeningstaat was korrek.

**Aktiwiteit 5**

Siengo Handelaars koop goedere op krediet van Mighty Verskaffers. Die rekeningstaat van Mighty Verskaffers ontvang, gedateer 25 Februarie 2014 toon dat Siengo Handelaars R111 300 aan hulle skuld. Die Krediteuregrootboek in die boeke van Siengo Handelaars toon dat hulle R71 710 aan Mighty Verskaffers verskuldig is.

**GEVRA:**

Gebruik die onderstaande tabel en toon aan hoe die verskille tussen die Krediteurestaat en die Krediteuregrootboek hanteer sal word sodat die korrekte saldo aan die einde van die maand bereken kan word. Gebruik 'n '+' of 'n '-' om aan te toon of die bedrag opgetel of afgetrek moet word.

**INLIGTING**

'n Ondersoek toon die volgende:

1. 'n Betaling per tjek van R25 200 verskyn nie op die staat nie. Daar is bevind dat dit 'n betaling deur Siengo Handelaars aan Smallfry Verskaffers was.
2. Faktuur I589 vir R63 000 gedateer 27 Februarie verskyn nie op die staat van Mighty Verskaffers nie.
3. Faktuur I602 verskyn op die staat as R2 080 Hierdie bedrag is in die Krediteurejoernaal as R2 800 opgeteken. Die staat is korrek.
4. 'n Betaling per tjek van R54 720 aan Mighty Verskaffers gedateer 28 Februarie 2014 verskyn nie op die staat nie. Siengo Handelaars is op 'n 5% vereffeningskorting geregtig. Siengo Handelaars het hierdie 5% van die bedrag vereffen afgetrek voordat die tjek uitgemaak is.
5. Die boekhouer van Siengo Handelaars het 'n oorboekingsfout na die rekening in die krediteuregrootboek gemaak. 'n Debietnota op 4 Februarie van R660 is as 'n krediet in plaas van 'n debiet behandel.
6. Faktuur I233 vir R19 800 gedateer 6 Februarie het op die staat verskyn, maar nie in die boeke van Siengo Handelaars nie. By nadere ondersoek het dit aan die lig gekom dat Mighty Verskaffers die fout gemaak het. Die goedere is aan een van hul ander klante verkoop.
7. Siengo Handelaars het goedere van R2 030 per debietnota 345 gedateer 27 Februarie 2014 teruggestuur, maar dit was nog nie op die staat getoon nie.

**Aktiwiteit 6**

Glen Tafelvervaardigers vervaardig houteetkamertafels. Glen Mabaso is die eienaar van die besigheid.

**GEVRA:**

6.1 Verwys na Inligting H hieronder. Bereken die Direkte Arbeidskoste vir die maand.

6.2 Stel die Produksiekostestaat vir die maand geëindig 31 Julie 2013 op, met 'n afsonderlike nota vir Fabrieksbokoste. Toon ALLE ander bewerkings tussen hakies.

6.3 Bereken die eenheidskoste van die produksie van 410 voltooide tafels (klaarprodukte) vir Julie 2013.

6.4 Glen is bekommerd oor die kontrole ten opsigte van sekere kostes. Direkte grondstowwe is vir meer as 40% van die koste van 'n tafel verantwoordelik, terwyl direkte arbeid vir meer as 30% verantwoordelik is. Glen het jou advies nodig.

- Maak TWEE voorstelle hoe die effektiwiteit met die gebruik van direkte grondstowwe verbeter kan verbeter.
- Maak TWEE voorstelle hoe om die effektiwiteit vir die direkte arbeiders te verbeter.

**INLIGTING VIR JULIE 2013:**

A. Voorraad voorhande aan die begin en einde van die maand.

| | **1 Julie 2013** | **31 Julie 2013** |
|---|---|---|
| Grondstofvoorraad | R40 000 | R65 000 |
| Goedere-in-bewerking | R55 000 | R40 000 |
| Klaarprodukte | Nil | Nil |
| Indirekte grondstowwe | Nil | Nil |

B. Grondstowwe op krediet aangekoop, R180 000

C. Waardevermindering is soos volg:

- Fabrieksmasjinerie, R7 400
- Kantoortoerusting, R2 400

D. Fabrieksonderhoud in Julie betaal, R8 000. 'n Verdere bedrag van R3 500 vir herstelwerk aan masjinerie is verskuldig.

E. Elektrisiteit en water betaal, bedra R4 600 vir Julie. Die administrasiekantoor het 10% hiervan gebruik en die res is deur die fabriek gebruik.

F. Huur en versekering word volgens die vloeroppervlakte tussen die fabriek en administratiewe kantoor verdeel. Die fabriek bestaan uit 630 vierkante meter, tewyl die kantoor uit 270 vierkante meter bestaan. Die **maandelikse** huur vir die volle perseel beloop R30 000. Die **jaarlikse** versekeringspremie is R43 200.

G. Kontantaankope van indirekte grondstowwe, R20 000. Daar was geen voorraad van indirekte grondstowwe voorhande aan die einde van die maand nie. Die fabriek het 75% van die grondstowwe gebruik terwyl die res deur die kantoor gebruik is.

H. **Direkte arbeid en produksie:**
Die 15 fabriekswerkers wat die tafels maak, werk 9 uur elk per dag. Die normale tarief is R36 per uur per persoon.

Daar was normaalweg 20 werksdae in 'n maand, maar as gevolg van die kragonderbrekings, is die fabriek slegs 14 weeksdae in Julie 2013 bedryf.

Om verlore tyd in te haal het die 15 fabriekswerkers elk 45 uur oortyd oor naweke gewerk. Die oortydtarief is dubbel die normale tarief.

Alhoewel oortyd gewerk is, kon die mikpunt van 450 tafels per maand nie bereik word nie. Hulle kon slegs 410 tafels voltooi. Die gelykbreekpunt is 320 tafels.

I. **Ander salarisse en lone bestaan uit:**
- Die fabriekskoonmaker verdien R2 600 per maand.
- Die fabrieksvoorman verdien R15 000 per maand. Die boekhouer het vergeet om die voorman se pensioen te boekstaaf. Die werknemers se pensioenbydrae is 7% en die werkgewer se bydrae is 10%. Die bydraes word tot die salarisrekening toegevoeg.
- Die administratiewe personeel verdien R13 000 in totaal per maand.

J. Die **verkoopprys van elke tafel** word vasgestel as koste van produksie plus R500 bruto wins per tafel.

K. Die twee verkoopspersone werk van die huis af op 'n kommissiebasis. Die besigheid dra geen vaste koste ten opsigte hiervan nie.

**Aktiwiteit 7**

Fillmore besit 'n besigheid wat rugby truie vir skole vervaardig. Jy word voorsien van inligting vir die jaar geëindig 30 Junie 2013.

**INLIGTING:**

A. Daar was geen voorraad, goedere in bewerking of klaar produkte aan die begin of die einde van die jaar nie.

B. 20 000 truie is vervaardig en verkoop gedurende die jaar. Die truie word verkoop teen R146 elk.

C. Koste verkry uit die Produksiekostestaat en die Wins-en-verliesstaat:

| Kosterekeninge | Kategorie | Totale koste | Eenheidskoste |
|---|---|---|---|
| Grondstowwe koste | Veranderlike | R828 000 | R41,40 |
| Verkoops-en verspreidingskoste | Veranderlike | R340 000 | (a) |
| Fabrieksbokoste | Vaste | (b) | R33,00 |
| Administrasie koste | (c) | R500 000 | R25,00 |
| Direkte arbeidskoste | (d) | R552 00 | R27,60 |

**GEVRA:**

7.1 Vul die ontbrekende bedrae of besonderhede genommer (a), (b), (c) en (d) in die tabel in.

7.2 Bereken die volgende

7.2.1 Eenheidskoste van produksie per trui
7.2.2 Veranderlike koste per trui
7.2.3 Gelykbreekpunt

7.3 Fillmore het 30 000 truie in 2012 vervaardig. Kan hy tevrede wees met die produksievlak in 2013? Verduidelik kortliks en haal syfers aan om jou antwoord te staaf.

7.4 Fillmore wil sy koste beter in die toekoms beheer. Hy het die eenheidskoste vir die afgelope twee jaar vergelyk. Op watter twee koste moet hy fokus, wat is die moontlike oorsake van die veranderinge in daardie koste en wat moet hy doen om die situasie reg te stel? Haal syfers aan om jou antwoord te staaf.

| | 2013 | 2012 |
|---|---|---|
| Grondstowwe koste | R41,40 | R41,36 |
| Verkoops- en verspreidingskoste | Sien 7.2 (a) | R19,20 |
| Fabrieksbokoste | R31,00 | R22,40 |
| Administrasie koste | R25,00 | R27,00 |
| Direkte arbeidskoste | R27,60 | R14,80 |

Wes-Kaapse Regering

Onderwys

Direktoraat:
Kurrikulum VOO

# 2014 Telematics Graad 12

# Rekeningkunde Werkboek

# Kwartaal 1

## Aktiwiteit 1

**ALGEMENE GROOTBOEK VAN KROMBOOM BPK**

**1.1.1 Gewone aandelekapitaal**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |

**1.1.2 Behoue inkomste**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |

**1.1.3 SAID (Inkomstebelasting)**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |

**1.1.4** **Aandeelhouers vir dividende**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |

**1.1.5** **Dividende op gewone aandele**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |

**1.1.6** **Verdelingsrekening**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |

## 1.2 KROMBOOM BPI

**NOTAS TOT DIE BALANSSTAAT**

**BEHOUE INKOMSTE**

| | |
|---|---|
| | |
| Saldo aan begin van jaar | |
| Netto wins na belasting | |
| Terugkoop van 180 000 gewone aandele | |
| Dividende | |
| Betaal | |
| Aanbeveel | |
| | |
| Saldo aan einde van jaar | |

**GEWONE AANDELEKAPITAAL**

| | |
|---|---|
| **Gemagtigde** | |
| | |
| | |
| **Uitgereikte** | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

**Aktiwiteit 2**

## ALGEMENE GROOTBOEK VAN TUSCANY BPK

### 2.1.1 Gewone aandelekapitaal

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |

### 2.1.2 Behoue inkomste

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |

### 2.1.3 SAID (Inkomstebelasting)

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |

**2.1.4** **Aandeelhouers vir dividende**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |

**2.1.5** **Dividende op gewone aandele**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |

**2.1.6** **Verdelingsrekening**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |

## 2.2 TUSCANY BPK

**NOTAS TOT DIE BALANSSTAAT**

**BEHOUE INKOMSTE**

| | |
|---|---|
| Saldo aan begin van jaar | |
| Netto wins na belasting | |
| Terugkoop van 300 000 gewone aandele | |
| Dividende | |
| Betaal | |
| Aanbeveel | |
| | |
| Saldo aan begin van jaar | |

**GEWONE AANDELEKAPITAAL**

| | |
|---|---|
| **Gemagtigde** | |
| | |
| | |
| **Uitgereikte** | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

**Aktiwiteit 3**

**DERBY BPK**

3.1 **VERSOENING TUSSEN NETTO WINS VOOR BELASTING EN KONTANT UIT BEDYWIGHEDE GEGENEREER**

| | |
|---|---|
| **Netto wins voor belasting** | |
| | |
| | |
| | |
| **Bedryfswins voor veranderinge in bedryfskapitaal** | |
| **Veranderinge in bedryfskapitaal** | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| **Kontant deur bedryfsaktiwiteite gegenereer** | |

3.2

**DERBY BEPERK**

**KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 2013**

| | |
|---|---|
| **Kontantgevolge uit bedryfsaktiwiteite** | |
| Kontant uit bedrywighede gegenereer | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| **Kontantgevolge uit beleggingsaktiwiteite** | |
| **Aankoop van nie-bedryfsbates** | |
| | |
| | |
| | |
| **Kontantgevolge uit finansieringsaktiwiteite** | |
| **Opbrengs uit aandele uitgereik** | |
| | |
| **Terugbetaling van langtermynlening** | |
| | |
| **Netto verandering in kontant en kontantekwivalente** | |
| **Kontant en kontantekwivalente – begin van jaar** | |
| **Kontant en kontantekwivalente – einde van jaar** | |

**Aktiwiteit 4**

**HILLSIDE BEPERK**

**KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEëINDIG 30 JUNIE 2013**

| | |
|---|---|
| **Kontantgevolge van bedryfsaktiwiteite** | **a** |
| Kontant uit bedryfsaktiwiteite gegenereer | **b** |
| Rente betaal | **c** |
| Dividende betaal | **d** |
| Inkomstebelasting betaal | (115 400) |
| | |
| **Kontantgevolge van beleggingsaktiwiteite** | **e** |
| Aankoop van nie-bedryfsbates | **f** |
| Verkoop van nie-bedryfsbates | 28 800 |
| Veranderinge in finansiële bates | **g** |
| | |
| **Kontantgevolge van finansieringsaktiwiteite** | **h** |
| Opbrengs uit aandele uitgereik | **i** |
| Terugbetaling van langtermynlenings | (200 000) |
| | |
| **Netto verandering in kontant en kontantekwivalente** | **j** |
| **Kontant en kontantekwivalente – begin van jaar** | 232 000 |
| **Kontant en kontantekwivalente – einde van jaar** | 184 000 |

**NOTAS TOT DIE KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2013**

**Versoening tussen netto wins voor belasting en kontant uit bedrywighede gegenereer**

| | |
|---|---|
| Netto wins voor belasting | **k** |
| Aansuiwerings vir: | |
| Rente uitgawe | **l** |
| Waardevermindering | 96 320 |
| **Bedryfswins voor veranderings in bedryfskapitaal** | m |
| **Kontantgevolge van veranderinge in bedryfskapitaal** | n |
| Verandering in voorrade | (80 000) |
| Verandering in debiteure | 68 000 |
| Verandering in krediteure | 76 000 |
| | |
| **Kontant uit bedryfsaktiwiteite gegenereer** | o |

**Berekeninge**

Wes-Kaapse Regering

Onderwys

**Direktoraat: Kurrikulum VOO**

# 2014 Telematics Graad 12

# Rekeningkunde Werkboek

# Kwartaal 2 en 3

**Aktiwiteit 1**

| 1.1 EIEU metode | 1.2 Geweegde gemiddelde metode |
|---|---|
| **Bereken die waarde van die eindvoorraad.** | **Bereken die waarde van die eindvoorraad.** |
| **Bereken die koste van verkope.** | **Bereken die koste van verkope.** |
| **Bereken die bruto wins** | **Bereken die bruto wins** |

| 1.3 EIEU metode | 1.4 Geweegde gemiddelde metode |
|---|---|
| Bereken die winsopslag % bereik | Bereken die winsopslag % bereik |
| Bereken die voorraadomsetsnelneid | Bereken die voorraadomsetsnelneid |
| Bereken die voorraadhoudingstydperk | Bereken die voorraadhoudingstydperk |

1.5 **Handelsrekening**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |

**Aktiwiteit 2**

| | |
|---|---|
| 2.1 | **Alhoewel hierdie besigheid goed gevaar het, oorweeg Deon om die besigheid te sluit en sy kapitaal in vaste eiendom te belê. Noem TWEE punte wat hy behoort te oorweeg voordat hy 'n finale besluit neem.** |
| 2.2 | **Deon vermoed dat 'n aantal krieketballe uit die winkel gesteel is. Bereken die aantal krieketballe wat gesteel is.** |
| 2.3 | **Gebruik die toepaslike inligting om die waarde van die eindvoorraad te bereken van:**<br>▪ **Krieketballe (gebruik die geweegdegemiddelde-metode)**<br>▪ **Krieketkolwe (gebruik die EIEU-metode)** |

| | |
|---|---|
| 2.4 | **Bereken die volgende vir krieketkolwe (jy mag 'n Handelsrekening voorberei om hierdie syfers te bereken):**<br>▪ **Koste van verkope**<br>▪ **Winsopslag % op koste**<br>▪ **Voorraadomsetsnelheid** |
| 2.5 | **Indien Deon besluit om met hierdie besigheid voort te gaan, watter raad sal jy aan hom gee? Noem TWEE punte en haal finansiële aanwysers of spesifieke inligting uit die vraag aan om jou antwoord te ondersteun.** |

**Aktiwiteit 3**

| Produk | Probleem geïdentifiseer | Voorstelle |
|---|---|---|
| **Energie-drankies** | | |
| **Energie-stafies** | | |
| **T-hemde** | | |

**Aktiwiteit 4**

**KREDITEUREREVERSOENINGSTAAT**

| | | JOSHUA | RAJAN HANDELAARS | VERDUIDELIKING |
|---|---|---|---|---|
| | Saldo | 1 200 | 11 710 | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |

**Aktiwiteit 5**

**Gebruik die volgende tabel:**

| | Krediteuregrootboek van Siengo Handelaars | Rekeningstaat van Mighty Verskaffers |
|---|---|---|
| Saldo's | R71 710 | R111 300 |
| 1 | | |
| 2 | | |
| 3 | | |
| 4 | | |
| 5 | | |
| 6 | | |
| 7 | | |
| Saldo's | | |

**Aktiwiteit 6**

6.1 **Bereken die Direkte arbeidskoste vir die maand.**

6.2 **GLEN TAFELVERVAARDIGERS**
**PRODUKSIEKOSTESTAAT VIR JULIE 2013**

| | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

**Fabrieksbokoste**

| | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

6.3 **Bereken die eenheidskoste van die produksie van 410 voltooide tafels (klaarprodukte) vir Julie 2013.**

6.4 **Glen is bekommerd oor die kontrole ten opsigte van sekere kostes. Direkte grondstowwe is vir meer as 40% van die koste van 'n tafel verantwoordelik, terwyl direkte arbeid vir meer as 30% verantwoordelik is. Glen het jou advies nodig.**

**Maak TWEE voorstelle hoe die effektiwiteit met die gebruik van direkte grondstowwe verbeter kan word.**

**Maak TWEE voorstelle hoe om die effektiwiteit vir die direkte arbeiders te verbeter.**

**Aktiwiteit 7**

7.1 **Vul die ontbrekende bedrae of besonderhede genommer (a), (b), (c) en (d) in die tabel in.**

| | |
|---|---|
| (a) | |
| (b) | |
| (c) | |
| (d) | |

7.2.1 **Bereken die eenheidskoste van produksie per trui**

7.2.2 **Bereken die veranderlike koste per trui**

7.2.3 **Bereken die gelykbreekpunt**

7.3 **Fillmore het 30 000 truie in 2012 vervaardig. Kan hy tevrede wees met die produksievlak in 2013? Verduidelik kortliks en haal syfers aan om jou antwoord te staaf.**

7.4 **Fillmore wil sy koste beter in die toekoms. beheer Hy het die eenheidskoste vir die afgelope twee jaar vergelyk. Op watter twee koste moet hy fokus, wat is die moontlike oorsake van die veranderinge in daardie koste en wat moet hy doen om die situasie reg te stel? Haal syfers aan om jou antwoord te staaf.**

| Koste om op te fous en syfers | Oorsaak vir verandering | Aksie om situasie reg te stel |
|---|---|---|
| | | |
| | | |